

USB 50

Herinneringe aan die USB se eerste dekade

Skrywer: Heindrich Wyngaard

Publikasie: USB Agenda

Datum: April 2013

Die USB vier in 2014 sy 50ste bestaansjaar. Met die aanloop tot volgende jaar deel van die USB se alumni hul herinnering van die eerste 10 jaar van die Skool se bestaan. Hier is hul stories.

Dit was lank gelede, byna 50 jaar om presies te wees. Natuurlik is almal se geheue nie meer dieselfde nie, maar gelukkig is daar nog diegene wat onthou hoe die lewe by die USB destyds was.

Prof Helgaard Muller was sedert die ontstaan van die USB in 1964 tot 1988 by die Skool betrokke. Hy was van 1975 tot 1987 ook direkteur van die USB. Akademiese beplanning het in hierdie tydperk 'n groot deel van sy verantwoordelikhede uitgemaak. Die Skool het onder prof Muller se leierskap gestreef na groter samewerking met Europa en Amerika, meer navorsing, nouer bande met sakeleiers en die werwing van oorsese dosente.

Die Instituut vir Entrepreneurskap en Kleinsakebestuur is in 1976 by die USB gestig om sakeontwikkelingsprogramme in selfregerende swart state aan te bied. Teen 1979 was daar 171 MBA-studente en 21 DBA-studente. Die voltydse dosente het uit vier professore en vier senior lektore bestaan. Grond vir die Skool se Bellvillepark-kampus is in 1981 verkry. In 1982 is die modulêre MBA ingebring en het die USB het die eerste Belgiese uitruilstudente verwelkom. Die Departement Sakebestuur en Administrasie (nou die USB) het in 1986 na die Bellvilleparkkampus getrek.

Muller sê: “Ek onthou die toewyding van die personelede wat op 'n deeltydse basis gehelp het, asook die positiewe houding van die studente.” Studente moes destyds opdragte inhandig wat met die hand geskryf of met 'n tikmasjien getik is in teenstelling met opdragte wat vandag per e-pos gestuur kan word. Om die waarheid te sê, behalwe vir een insident met 'n student van Holland, is daar destyds nie goed nagedink oor die moontlikheid van plagiaat nie. Volgens Muller was hierdie gemoedsrus gegrond op die feit dat die Skool topstudente gelok het. Baie van hierdie studente was toe reeds goed gevestig in hul beroep.

Dr Alwyn du Plessis was een van die eerste MBA-studente toe die Skool in 1964 geopen het. Hy het sy studies in die daaropvolgende jaar voltooi. “'n Mens moet nie uit die oog verloor dat ons eerste inname van studente as proefkonlyne gebruik is nie en dat die dosente ook nog hul weg moes vind,” sê Du Plessis. “Daarenteen het ons baie by mekaar as studente geleer, asook by die dosente.”

Du Plessis onthou ook sommige van die ‘karakters’. Prof Jan van der Meulen, USB-direkteur van 1964 tot 1972, was ‘enig in sy soort’ en hy het vir Du Plessis 'n liefde vir finansiële bestuur geleer – ondanks die feit dat studente fyn moes luister om nie in die vertalings verlore te raak nie. Van der Meulen het byvoorbeeld *net worth* as ‘*net wors*’ uitgespreek, wat vir sy gehoor soos die Afrikaanse vertaling van *sausage* (wors) geklink het.

Du Plessis vertel dat baie min opdragte destyds voltooi moes word. In plaas van opdragte moes hulle gevallestudies doen, veral onder Muller en Van der Meulen. “Ons eerste opdrag was vir 'n mnr Wessels wat 'n lektor in

USB 50

Algemene Bestuur was. Die opdrag het gegaan oor die gebruik van verhoudingsgetalle in die bestuur van 'n besigheid. Wessels was behep met *Simon's Administrative Behaviour* wat natuurlik 'n 'gedragsbenadering' tot bestuur was. Ons tweede opdrag was vir prof Jan Sadie oor 1964 se (nasionale) begroting."

Du Plessis sê hy het sy eerste opdrag by die werk getik. Sy tweede opdrag is met die hand gekryf.

"Ek moes een keer 'n aanbieding oor Rekenaartegnologie doen. Ná die aanbieding het JJ van Rensburg, na wie ons as *Die Stem* verwys het, my aangevat omdat ek oor 'n vak gepraat het waarvan ek niks geweet het nie."

Du Plessis het dit maklik oorkom, want Van Rensburg was immers hoof van IT by die versekeringsreus Santam.

"'n Mens onthou die goeie dinge meer as die onaangename goed," sê Du Plessis, selfs as die goeie dinge maklik in iets onaangenaam ontaard het.

Met die uitreik van die finale uitslae is daar langs sy naam aangeteken dat hy afwesig was tydens die skryf van die Bemerkingsksamens. Dit was nie waar nie en hy het nie geweet hoe dit gebeur het nie.

Hy was egter nie die enigste persoon wat daarvoor bekommerd was nie. Dieselfde Van Rensburg na wie vroeër verwys is, het die Saterdag nadat die uitslae bekend gemaak is na Du Plessis huis toe gekom om te hoor wat aangaan. Van Rensburg het dit toe sy plig gemaak om te help uitvind. Hy het later daardie dag teruggekeer met 'n verduideliking vir die raaisel: Die Bemerkingsdosent het die uitslae telefonies ingedien en Du Plessis se naam weggelaat.

Du Plessis sê Van Rensburg se ingryping getuig van die hegte band tussen klasmaats en dosente en al die goeie herinneringe wat hy van die Skool het.

Deel jou USB-herinneringe

Het jy stories en foto's van jou tyd by die USB wat jy met ons wil deel? Kontak ons asseblief by usb50@usb.ac.za. Ons sien uit daarna om van jou te hoor!

Enige kommentaar oor hierdie artikel? Om kommentaar te lewer, [klik hier](#) of gaan na die USB se ThoughtPrint-webwerf.